

19 September

Romeine 8:31-39

Ek het die regte kontak

Mense hou daarvan om te sê dat hulle 'n goeie kontak iewers het. So word jy begunstig en bevoorreg.

Die ware gelowige het ook 'n kontak, die beste kontak, met God in die hemel. Dié kontak is sy Seun Jesus Christus, die Middelaar tussen God en mens.

'n Middelaar bind onbekendes aan mekaar. Ook vyande en vervreemdes.

Ander godsdienste se sogenaamde middelaars is altyd onbevredigend. Dis geeste of mense of afgode. Altyd skepsels, ontoereikend en teleurstellend.

Die Christendom se Middelaar, Jesus Christus, is spesiaal deur sy Vader gestuur vir die taak. Hy het Hom daarvoor toegerus met mag, gesag en vermoëns.

Hy is die goddelike Middelaar sodat Hy sy Vader se toorn kon dra en die dood kon oorwin. Hy was ware mens omdat God die mens wou straf en niemand anders nie.

Die Christendom se Middelaar is uniek. Ons hoef nie te betaal nie; Hy doen dit. Hy was egter nie net Middelaar aan die kruis nie, maar is dit nou nog by ons Vader. Hy tree vir ons in.

1 Joh. 2:1 meld dat Hy ook ons enigste Voorspraak is. Letterlik in Grieks: Ons Advokaat.

Waarvoor bid Hy? Ons daaglikse sondes. Ons bewaring teen Satan. Teen verleiding van die wêreld. Vir die bekering van alle uitverkorenes. Vir sy kerk, vir onderlinge liefde by ons.

Ons weet ook nou ons het toegang tot die Vader met vrymoedigheid. Ook met blydschap. Ons gebede bereik God, al verhoor Hy op sy manier en tyd.

Jy het die regte kontak. Gebruik Hom in die geloof.

Sing Skrifberyming 10:1 en 2
(Rustenburg-Noordoos)

Ds.

LJ.

Badenhorst